# IN DIE NAAM VAN ...

In Matt. 28:18 - 20 vind ons JaHUsha se laaste en Groot Opdrag wat ook die doop insluit. Dit was nà Sy opstanding uit dood (iets wat nie menslik moontlik is nie). Dit was ook vòòrdat Hy sou opvaar ... iets wat ook nie menslik moontlik is nie.

> Matt. 28:18 En JaHUsha het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: **Aan My** is gegee alle mag in **die hemel en op aarde**.
> Matt. 28:19 Gaan dan heen, **maak dissipels** van al die nasies, en **doop hulle** in die Naam van die Vader en die Seun en die Afgesonderde Gees; en **leer hulle** om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
> Matt. 28:20 En kyk, **Ek is met julle** al die dae **tot aan die voleinding van die wêreld**. Amein.

Iemand se laaste woorde is altyd iets wat sal omhels word deur die persoon se geliefdes, maar nou is daar kontroversie onder gelowiges oor JaHUsha se woorde: *"doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Afgesonderde Gees",* omdat dit op ander plekke in die Woord waar daar "doop" betrokke is nie so gestel word nie. Daar sal dan gewoonlik staan dat doop: "*in die naam van JaHUsha Messias"* of "*in die naam van die Meester",* of *"in die naam van die Meester JaHUsha*" is, bv. ...

> Hand. 2:38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word **in die Naam van JaHUsha Messias** tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Afgesonderde Gees ontvang.

> Hand. 10:48 En hy het beveel dat hulle gedoop moet word **in die Naam van die Meester** *(by implikasie Messias JaHUsha).* Toe het hulle hom gevra om nog 'n paar dae te bly.

> Hand. 19:5 En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop **in die Naam van die Meester JaHUsha**.

Dit lyk dan asof JaHUsha se woorde in Matt. 28:19 weerspreek wat in ander verse staan, en so word daar dan beweer dat Matt. 28:19 later deur die Roomskatolieke Kerk bygevoeg is *(m.b.t. hulle siening van die **Vals** Drie-eenheid)*. Maar is dit waar? Is iets bygevoeg of ontbreek ons nie net dalk begrip en insig in ons Verlosser se identiteit nie?

**BYGEVOEG OF NIE BYGEVOEG NIE**

Daar was die Griekse Nuwe Testament wat na die Weste versprei het waar dit paaie gekruis het met Konstantyn se Roomskatolieke Kerk, maar daar was ook die Oosterse Aramese Nuwe Testament (The AENT, bekend as die Peshitta).

Hier volg kortliks 'n geskiedkundige agtergrond van die N.T. vanuit Martin Gunter se boekie: "Is die 83 vertaling die Bybel?" ...

> *Konstantyn was keiser in 312 n.C. in Rome. Hy aanvaar die christelike Godsdiens nadat hy die geveg wen teen Maxentius by die slag van die Milvan brug op 28 Oktober 312 n.C. Hy sien 'n teken in die vorm van 'n kruis met die woorde in Latyn "Hoc Signo Vinces", wat beteken, "In hierdie teken sal jy oorwin".*

*Konstantyn was 'n songodaanbidder en het "Mithra" aanbid. Hy het nie waarlik tot bekering gekom nie, maar hy aanvaar die christelike godsdiens toe slegs in naam sodat die Kerk van God geopenbaar kan word vir latere verdere vervolging.*

*Daar was twee belangrike strome van manuskripte (M.S.S.) sigbaar deur die eeue en dis tot vandag toe so. Daar was Eusebius se geskrifte wat 'n mengsel was van die ware Woord van Elohiem en die Griekse filosofie van Origenes. Omdat Konstantyn 'n filosoof was, aanvaar hy die Eusebius-Origen geskrifte. Hierdie stroom geskrifte het duidelik die Origeniese invloed en die* ***Godheid van Jesus word deur diè M.S.S. aangetas****. Konstantyn het die Eusebius-Origen Bybel aan die Roomse Kerk oorhandig en dit het gedien as basis vir Jerome se Latynse vertaling – die Vulgata.*

*Jesus het altyd uit die Ou Testament uit aangehaal, ook uit die Griekse O.T., naamlik die Septuaginta. Die titel "****Textus Receptus****" was deur Elsevir aan die M.S.S. (N.T.) gegee in 1633. Dit bestaan uit 'n reeks M.S.S.* ***wat ooreenkom*** *en is gebruik om die Authorised KJV en die Afrikaanse 1933 en 1953 vertaling saam te stel. Die T.R. was die Bybel van die vroeëre Kerk (en dis ook deur* ***Griekse*** *Katolieke Kerk aanvaar). Die T.R. was ook die M.S.S. vir die Siriese kerk, die Waldense Kerk van Noord Italië, die Galliese kerke in Skotland en Ierland en dis die teks wat die Kerk deur die eeue bewaar het onder vervolging van die Roomse Kerk, wat aan die anderkant weer die korrupte Eusebius-Origenes teks gebruik het.*

*Dit was in Antiochië, die hoofstad van Sirië, dat die gelowiges eerste Christene genoem was. Dit was hier dat die T.R. in Sirië vertaal was in 150 n.C. en dit word die* ***Peshitto*** *genoem. Dit was in ons tyd gevind onder die Pestoriane wat dit bewaar het asook die Monophysiete op die vlaktes van Sirië en die Maraniete in die berge van Libanon. Dit was nie beïnvloed deur die Eusebius-Origenes teks nie. Sirië, Noord Italië, Suid-Frankryk en Engeland was dus bereik deur sendelinge van Palestina en Klein Asië en dis hierdie teks wat toe ook gebruik was om die Nederlandse Staten Bybel mee te vertaal, net soos die KJV en die 1933/53 Afrikaanse Bybels.*

*Die Waldense het die T.R. ontvang uit Klein Asië en het dit deur die eeue bewaar tot by Erasmus, Luther, Beza en Calvyn. Die Waldense kerk het deur die eeue die Woord verkondig in die Valleie en hulle is toe bitterlik vervolg en uitgemoor deur die Roomse kerk tot selfs nà die Reformasie. Hulle was eenvoudige mense wat die Roomse kerk teëgestaan het en hulle het die Woord bewaar tot by die Reformasie. Jerome is daarna beskuldig van die verdraaiing van die Skrifte.*

Vir 'n vollediger geskiedenis, lees gerus Martin Guntur se boekie en kyk diè video: *LAMP IN THE DARK.*

Die Roomse kerk het dus leuens versprei, gemoor en geskrifte verdraai, maar die Gemeente van Elohiem het gegroei en uitgebrei tot hier waar ons ons vandag bevind. Uit hierdie geskiedenis is dit nou duidelik dat as die Roomskatolieke Kerk iets sou bygevoeg het in Matt. 28:19, dit nie die Peshitta sou geraak het nie, en Matt. 28:19 is tog wel in die Peshitta ook. *(Waarksuwing: sekere mense in die Hebreeuse Wortels het egter die Peshitta in die hande gekry en daar moet gewaak word oor wat hulle daarmee gedoen het, veral in die vorm van hulle notas.)*

Dan is daar ook die verweer i.v.m. die Hebreeuse evangelie van Mattheus *(bekend as die Shem Tov, wat geskryf is deur Isaac ben Shaprut gedateer vir die jaar 1385 n.C. wat in ons tyd gepubliseer is deur George Howard)*, **wat nie Matt. 28:19 in het nie**, maar die boek is op plekke nie versoenbaar met die inhoud van ons Nuwe Testament nie en is "anti" JaHUsha as die Messias . Tekse in die Shem Tov is op plekke so verskillend waar dit regtig saak maak, dat dit deur baie **nie gesien word as outentiek nie**. Daar word bv.

nooit na JaHUsha verwys as die "Messias" nie behalwe as "ander" Hom so identifiseer. Die Griekse T.R. waarvan ons vertalings gemaak is sal bv. in Matt. 1:1 sê: "Die geslagsregister van JaHUsha <u>Messias</u> ...." maar die Shem Tov sê bloot: "These are the generations of Jesus ..." So is dit dieselfde wat betref Matt. 1:17, 18, Matt. 11:2, Matt. 16:21. Daar is nog voorbeelde van sulke growwe kontroversie i.v.m. die identiteit van JaHUsha in die Shem Tov, maar ons volstaan eers hiermee. Die Shem Tov is maar een enkele kopie in Hebreeus, maar daar is baie vroeë Griekse manuskripte mèt die laaste bladsy van Mattheus en daar is nie een van hulle wat **nie** Matt. 28:19 **in het nie** *(daar word gesê dat weens die gebrek aan buiteblaaie in daardie tyd, die laaste bladsy van 'n boek dikwels nie behoue gebly het nie, en dit sou Matt. 28:19 se lot kon gewees het met party manuskripte)*.

In die lig van die feit dat Matt. 28:19 wel in die Skrif hoort, hoe versoen dit dan met ander skrifte soos reeds genoem? Matt. 28:18 – 20 was die Groot Opdrag en is dus omvattend.

**DIE GROOT OPDRAG**

Die Groot Opdrag hier in Matt. 28 bestaan uit baie min woorde, maar dit behels baie. Dit behels dus nie net "doop" nie, maar die hele geestelike lewe van 'n Gelowige. Dit is 'n omvattende opdrag komende uit die mond van JaHUsha ... maak dissipels (1), doop hulle (2) en leer hulle (3). Dit klink miskien na min, maar dit behels die hele geestelike bestaan en roeping van 'n Volgeling van JaHUsha, **asook JaHUsha se identiteit**. In vers 18 verklaar JaHUsha Sy outoriteit voordat Hy die Groot Opdrag gee.

> Matt. 28:18 En JaHUsha het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: **Aan My** is gegee <u>alle mag</u> in **die hemel en op aarde**.

Vers 19 en 20 wat dan volg behels dus die groter prentjie van die persepsie van **wiè JaHUsha is**, in die lig van Sy outoriteit ... waar het Hy vandaan gekom en hoe die Gees Hom sou verteenwoordig nadat Hy opgevaar het (vers 20).

Ons word gewaar dat "*in die naam van die Vader, die Seun en die Afgesonderde Gees*" harmoniseer met "*in die naam van JaHUsha Messias*", want die **Naam** "JaHUsha" is verteenwoordigend van die "**ampte**" van die Vader, Seun en Afgesonderde Gees as die identiteit van Elohiem. In vers 18 en 19 identifiseer JaHUsha Homself dus as Elohiem aan wie alle mag in die hemel en aarde behoort.

Ons moet laasgenoemde stelling nou stap-vir-stap ontleed, want baie misverstande en wanpersepsies kom **omdat daar met JaHUsha se identiteit gepeuter word**. JaHUsha was self en persoonlik aan die woord toe Hy die Groot Opdrag gegee het en so word alle evangeliese werk dan in JaHUsha se naam gedoen, terugverwysend na die Vader.

> Ef. 5:20 terwyl julle **Elohiem** <u>die Vader</u> altyd vir alles dank in **die Naam** van ons **Meester JaHUsha Messias**,

> Kol. 3:17 En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles **in die Naam van die Meester JaHUsha** en dank Elohiem <u>die Vader</u> **deur Hom**.

**JAHUAH EN JAHUSHA IS EEN AS ELOHIEM**

"Elohiem" is 'n **meervoudswoord** wat die Vader, Seun en Afgesonderde Gees behels. Die enkelvoud sou "Eloah" gewees het, maar dis nie wat gebruik word nie.

Die **NAAM** *(enkelvoud)* van Elohiem *(meervoud)* is JaHUaH. Hoewel Elohiem ‘n meervoudswoord is, is dit nie so met die “Naam” van Elohiem nie, dis enkelvoud ... Naam.

> Ex. 6:1 Verder het **Elohiem** met Moses gespreek en vir hom gesê: Ek is **JaHUaH**.
> Ex. 6:2 En Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn as Elohiem, die Almagtige, maar met <u>my Naam</u> **JaHUaH** het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie.

Sedert die Nuwe Testament manifesteer JaHUaH se Gesalfde, Sy Reddende Regterhand, **in Sy Naam** as “JaHUaH *wat* red”. *(“Om te red” is “jasha” in Hebreeus en JaHUaH + jasha = JaHU-sha.)*

> Matt. 1:21 en sy sal ‘n seun baar, en jy moet Hom **JaHU-sha** noem, <u>want</u> dit is **Hy** wat Sy volk van hulle sondes sal <u>**verlos**</u>.

JaHUsha se Naam het dus alles met Sy identiteit <u>as Elohiem</u> te doen. Die Elohiem van die O.T. is die Elohiem van die N.T. Abraham het JaHUsha se dag gesien en in Joh. 8:58 het JaHUsha gesê:

> “Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, **voordat** Abraham was, **is Ek**.”

Hoewel Vader en Seun dus onderskeibaar is, is hulle nie skeibaar nie want hulle is “echad” onder een Naam.

> Deut. 6:4 Hoor, Israel, **JaHUaH** ons **Elohiem** is ‘n **enige** *(“echad”)* **JaHUaH**.

> Deut 6:4 Hear, O Israel: YHWH our Elohim *is* **one** *(“echad”)* YHWH. - *(KJV)*

JaHUaH Elohiem is *“echad”*. Die oorspronklike woord “echad” het nie nèt die betekenis van “een” soos wat ons “een” ken nie, hoewel dit wel so ook gebruik kan word, maar daar is meer. Die Hebreeuse woord “echad” (אֶחָד ), Strong’s H259, het die betekenis van ... “*verenigd as een*” of “*een*” of ook “*eerste*” ...

Strong’s H259:

> A numeral from H258; properly ***united***, that is, ***one***; or (as an ordinal) ***first***

Die Ancient Hebrew Lexicon no. 1165 beskryf die wortel van Strong’s H259 so ...

> Ac: Unite
> Co: Unit
> Ab: Unity
> The pictograph ( ח chet) is a picture of a wall. The ( ד dalet) is a picture of a door. Combined these mean “wall door”. A wall separates the inside from the outside. Only through the door can one enter or exit, <u>**uniting**</u> the inside with the outside.

Daar is dus ‘n basiese betekenis van “meer” wat saam funksioneer as “een” of as ‘n geheel. In Gen. 2:24 word dieselfde woord, nl. “echad”, gebruik om aan te dui hoedat ‘n man en vrou “een” of ‘n “eenheid” word. Dis twee, maar hulle is ook “een”.

> Gen 2:24 Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal **een** *(echad, H259)* **vlees** wees.

Judaïsme *(wat 'n **mens** as messias verwag)* lees egter "echad" in Deut. 6:4 as "een" soos in "enkel" en dit sorg vir baie verwarring vir die Gelowige in JaHUsha wat aan Judaïsme se voete gaan sit het *(want Judaïsme wil nie JaHUsha as "Elohiem" of as "Messias" aanvaar nie, vergelyk 2 Joh. 1:7 - 11)*, maar JaHUsha is inderdaad Elohiem en Messias. Hy is die Gesalfde van JaHUaH wat red, en as die Seun is Hy die **afskynsel** en **afdruksel** van **JaHUaH** Elohiem.

> Heb 1:1 Nadat Elohiem baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders **deur die profete**, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek **deur die Seun**
> Heb 1:2 wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, **deur wie Hy ook die wêreld gemaak het**.
> Heb 1:3 Hy, wat die **afskynsel is van Sy heerlikheid** en die **afdruksel van Sy wese** en alle dinge dra deur die woord van Sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,

Hoewel misleidende leringe die Goeie Nuus *(Mark. 1:14 – 15)* van die Nuwe/Hernude Testament grootliks wil neutraliseer, **bewys die Skrif** op verskeie maniere dat JaHUaH en JaHUsha **Een i**s as <u>**Elohiem** wat "**red**"</u>.

> Joël 2:32 En elkeen wat die **Naam van JaHUaH** aanroep, **sal <u>gered word</u>**; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos JaHUaH gesê het, en onder die vrygeraaktes wat JaHUaH sal roep.

Dit wat Joël hier geskryf het in die O.T. **oor JaHUaH**, word net so oorgeneem in die N.T. en **op JaHUsha** toegepas in Rom 10 en in Hand. 2.

> Rom. 10:9 As jy met jou mond <u>die Meester</u> **JaHUsha** bely en met jou hart glo dat Elohiem Hom uit die dode opgewek het, **sal jy gered word**;
> Rom. 10:13 Want: Elkeen wat die **Naam van JaHUaH** aanroep, sal <u>gered</u> word.
>
> Hand. 2:21 En elkeen wat die **Naam van JaHUaH** aanroep, sal <u>gered</u> word.
> Hand. 2:22 Israeliete, luister na hierdie woorde! **JaHUsha**, die Nasaréner, 'n man deur Elohiem vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat Elohiem deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet—
> Hand. 2:23 Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van Elohiem oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring;
> Hand. 2:24 Hom het Elohiem **opgewek**, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit **onmoontlik** was dat Hy daardeur vasgehou sou word.
> Hand. 2:25 Want Dawid sê <u>**van Hom**</u>: Ek het **JaHUaH** altyddeur voor My gesien, want Hy is aan my regterhand, dat Ek nie sou wankel nie. *(Vergelyk Ps. 16:8 – 11)*

Jes. 45:23 wat oor JaHUaH handel, word ook net so toegepas op JaHUsha in die N.T. in Fil. 2:10.

> Jes. 45:21 Verkondig en bring voor, ja, laat hulle saam raad hou: Wie het dit van ouds af laat hoor, lank tevore dit verkondig? Is dit nie Ek, <u>JaHUaH</u>, nie? En buiten My **is daar geen ander Elohiem nie**: 'n regverdige en reddende Elohiem <u>is daar buiten My nie</u>.
> Jes. 45:22 **Wend julle tot My** en **laat julle red**, alle eindes van die aarde! Want Ek is Elohiem, en daar is geen ander nie.
> Jes. 45:23 Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit my mond, 'n woord wat nie herroep word nie: <u>**dat voor My elke knie sal neerbuig**</u>, by <u>**My elke tong sal sweer**</u>.

> Fil. 2:9 Daarom het Elohiem Hom *(JaHUsha)* ook uitermate verhoog en **Hom 'n NAAM gegee wat bo elke naam is**, *(vergelyk Matt. 1:21)*
> Fil. 2:10 sodat in die **Naam van JaHUsha** sou **buig elke knie** van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,
> Fil. 2:11 en **elke tong sou bely dat JaHUsha Messias Meester** is **tot heerlikheid van Elohiem die Vader**.

JaHUaH en JaHUsha kan dus onderskei word as Vader en Seun, maar nie geskei word **as Elohiem** nie. As Elohiem is hulle een en verteenwoordig JaHUsha vir ons die Aangesig van JaHUaH Elohiem. Dit geld ook vir die Afgesonderde Gees ... dit kan nie geskei word van Elohiem nie. Dis die Gees van JaHUaH Elohiem soos wat die O.T. Hom geopenbaar het, maar ook die Gees van JaHUsha Elohiem soos wat die N.T. Hom openbaar. Dis die Gees van Elohiem *(meervoud)* met die Naam *(enkelvoud)* van "JaHUaH ... wat red".

Vir meer vergelykings van die O.T. met die N.T. sien ...

- https://www.inthatday.net/wp-content/uploads/2014/05/THENAME.pdf

**JAHUSHA WAS AS DIENSKNEG TAAKGEDREWE**

Tydens JaHUsha se eerste koms het Hy gekom om te dien *(Jes. 42:1 ... "My Kneg")*. Hy het as **JaHUaH se** reddende **Regterhand** fisies mens geword omdat Hy gekom het om 'n taak uit te voer t.w.v. die mens. Hy het kom "doen" soos wat 'n hand as deel van 'n liggaam funksioneel is om take uit te voer. Hy het gekom om te "verlos" en Sy menswording was 'n "ontbloting" van die Arm van JaHUaH.

> Jes. 52:10 JaHUaH het **Sy Afgesonderde Arm** ontbloot voor die oë van al die nasies, en al die eindes van die aarde sal sien **die verlossing van ons Elohiem**.

Barbara M. Bowen het in haar boek "Strange Scriptures that perplex the Western Mind" in 1940 so geskryf oor Jes. 52:10 ...

> "The Lord *(YaHUaH)* hath **made bare His Holy Arm** in the eyes of all the nations; and all the ends of the earth shall see the salvation of our God."
>
> The meaning of this Scripture is clear, but the vividness of it is hidden unless one has seen the women of the Bible Lands taking their long flowing sleeves, tying the ends in a knot, and throwing them over their shoulders **to leave the arms bare so that they can work** unhindered. The men will do the same with the long sleeves of their kamise, tie the ends together and throw them over their heads, so that **they can go out to fight** and **not be hindered** by long pointed sleeves.
>
> "The Lord *(YaHUaH)* hath **made bare His Arm**."

Die "Arm/Hand" van JaHUaH is sigbaar as 'n tipe sedert Israel se verlossing uit Egipte waar Moses sy arm "**as die Arm van JaHUaH** met die **Staf** *(simbolies van die Folterpaal)*" moes uitstrek sodat Israel "behoue" deur die Rooi See kon trek.

So het JaHUsha as JaHUaH se Arm in die N.T. ‘n <u>liggaam gekry</u> wat vir Hom berei is sodat Hy as Dienskneg kon “**doen**” op die **Folterpaal** wat gedoen moes word om as “die Arm/Hand” **te kon red** omdat Hyself die Sondoffer was.

> Heb. 10:5 Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar **<u>U het vir My ‘n liggaam berei</u>**.
> Heb. 10:6 Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie.
> Heb. 10:7 Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom—**in die boekrol is dit van My geskrywe**—om u wil te doen, o Elohiem.
> Heb. 10:8 Nadat Hy hierbo gespreek het: Slagoffer en spysoffer en brandoffers en sondoffers wou U nie hê en het U nie behaag nie—wat volgens die wet geoffer word—
> Heb. 10:9 het Hy daarna gesê: **Kyk**, **Ek kom om u wil te doen**, **o Elohiem**. Hy neem die eerste weg om die tweede te stel.

Heb. 10:5 – 7 korreleer met Ps. 40:7 - 8, maar die Septuagint se vertaling verskil van die Masoretiese teks. Die Masoretiese teks lees in vers 7: “*ore het U vir my gegrawe*”, maar dit blyk nie reg te wees nie, want Heb. 10:5 – 7 was ‘n profesie wat vanuit die Septuagint aangehaal is. Die Griekse Septuagint (O.T.) was in die tyd van JaHUsha algemeen in gebruik en het die betrokke vers nie so nie. Dit sê: *“U het vir My ‘n liggaam berei”.*

Die Masoretiese Teks ...

> Ps. 40:7 U het geen behae in slagoffer of spysoffer nie; **ore het U vir my gegrawe**; brandoffer en sondoffer het U nie geëis nie.
> Ps. 40:8 Toe het ek gesê: Kyk, ek kom; in die boekrol is dit my voorgeskrywe.
> Ps. 40:9 Ek het lus, o my Elohiem, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande.
> Ps. 40:10 Ek het ‘n **blye boodskap** van geregtigheid in die groot vergadering verkondig; kyk, my lippe bedwing ek nie. JaHUaH, U weet dit.

Maar die Septuagint wat ‘n baie ouer vertaling is *(wat gedoen is vòòrdat JaHUsha gebore is en dus voordat Judaïsme JaHUsha verwerp het)*, weerklank egter Heb. 10:5 wat sê dat “ **‘n liggaam vir Hom berei is**” *(hoewel dit vers 6 in die Engels is)* ...

> “Sacrifice and offering thou wouldest not; but **<u>a body hast thou prepared me</u>**: whole-burnt-offering and sacrifice for sin thou didst not require.”

Dus ... “U het vir My ‘n liggaam berei” ...

JaHUsha as die Seun van Elohiem het “Seun van die Mens” geword om ‘n “liggaam te verkry” sodat Hy as Sondoffer op die Folterpaal kon dien, **omdat JaHUaH by Homself gesweer het**. Dit neem ons dan terug na Gen. 22:16, Heb. 6:13 – 18 en na Gen. 15:17 – 18 waar die daad van die “sweer by Homself” plaasgevind het, naamlik toe Elohiem as <u>Twee Entiteite</u> die Verbond **met Abram** gemaak het (Gen. 15:18) en JaHUsha het as Een van die Twee Entiteite gekom om Sy lewe plaasvervangend te gee vir Abram/AbraHam en sy nageslag (fisiese en geestelike nageslag, Gal. 3) se **verbreking van die verbond** ... want om so tussendeur die dooie, geslagte diere te beweeg het beteken dat om diè Verbond te verbreek, **daardie een gedood sal word net soos die diere** waardeur hulle beweeg het dood was. Dis waarom Elohiem as JaHUsha ‘n Mens geword het en sodoende Homself kom “verneder” het tot die dood op die folterpaal, om juis dìt te kom doen in plek van die sondige mens wat die dood verdien het (Fil. 2:6 – 8). *Sien: <u>DIE EWIGE VERBOND</u>*.

JaHUsha moes dus die eenmalige en ewigdurende Sondoffer word en daarom is ‘n “liggaam vir Hom berei”.  Die “Seun van Elohiem” is **ontbloot** as die ”Seun van die Mens” om as sondoffer i.p.v. die mens te dien ... ‘n Dienskneg dus. Daarvoor is Hy gesalf toe die Gees op Hom gekom het.

> Jes. 42:1 Daar is **my Kneg** wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel ‘n welbehae het. **Ek het my Gees op Hom gelê**; Hy sal die reg na die nasies uitbring.
> Jes. 42:2 Hy sal nie skreeu of uitroep of sy stem op die straat laat hoor nie.
> Jes. 42:3 Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; met getrouheid sal Hy die reg uitbring.
> Jes. 42:4 Hy sal nie dof brand of geknak word, totdat Hy die reg op aarde gegrond het nie; en die eilande wag op sy leer.
> Jes. 42:5 So sê **Elohiem**, **JaHUaH**, wat die hemele **geskape** en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met wat daaruit voortkom, wat aan die aardbewoners die asem gee en die gees aan wie daarop wandel: *(vgl. ook Joh. 1:1 – 14)*
> Jes. 42:6 Ek, JaHUaH, <u>het U geroep</u> in geregtigheid, en Ek vat u hand en behoed U en **gee U as ‘n verbond van die volk**, as ‘n **lig van die nasies**,
> Jes. 42:7 om **blinde oë te open**; om **gevangenes uit die kerker uit te lei**, uit die gevangenis diegene **wat in die duisternis sit**.
> Jes. 42:8 **Ek is JaHUaH**, dit is my **<u>Naam</u>**; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie.

JaHUaH het Sy Gees op JaHUsha gelê. Dis nie nòg ‘n Elohiem nie, dis nie ‘n “ander” Elohiem nie, maar dis dieselfde Wese wat onder een Naam geopenbaar word in die verskillende “ampte” van Vader, Seun en Gees.

> Heb. 1:1 Nadat Elohiem baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek **deur die Seun**
> Heb. 1:2 wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, **deur wie Hy ook die wêreld gemaak het**. *(vgl. Spreuke 8:22 – 36)*
> Heb. 1:3 Hy, wat die **AFSKYNSEL** is van **Sy heerlikheid** en die **AFDRUKSEL VAN SY WESE** en alle dinge dra deur die woord van Sy krag, nadat Hy **deur Homself** die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit <u>aan die regterhand</u> van die Majesteit in die hoogte,
> Heb. 1:4 terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy ‘n **voortrefliker Naam** geërf het as hulle.
> Heb. 1:5 Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: **U is my Seun**, vandag het Ek U **gegenereer**? en weer: Ek sal vir Hom ‘n **Vader** wees, en Hy sal vir My ‘n **Seun** wees? *(Ps. 2, 110)*
> Heb. 1:6 En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van Elohiem **moet Hom aanbid**.

Slegs JaHUaH Elohiem moet aanbid word, en as die Seun aanbid moet word, kwalifiseer Hy dus as JaHUaH Elohiem volgens Heb. 1:1 – 6.

> Ex. 20:2 **Ek is JaHUaH jou Elohiem** wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.
> Ex. 20:3 Jy mag **geen ander gode** voor my aangesig hê nie.
> Ex. 20:4 Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

> Ex. 20:5 **Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie**; want Ek, JaHUaH jou Elohiem, is 'n jaloerse Elohiem wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;

JaHUsha red ons uit die slawehuis van die wêreld as die hedendaagse Egipte. Daarvoor het Hy gekom as die <u>Meester</u>, JaHUsha Messias.

**DIE WOORD "MEESTER"**

Die woord "Meester" *(Adonai in Hebreeus)* kry ons ook verskeie kere in die O.T. **saam met** die Tetragrammaton, m.a.w. saam met "JaHUaH" *(bv. 200 keer in Eseg. en verskeie kere in Daniël saam met "Elohiem"),* maar dis vir die **eerste keer** juis in **Gen. 15:2** gebruik en is vertaal as "Here HERE".

> Gen. 15:2 Toe vra Abram: **<u>Meester</u>** *(Adonai)* **<u>JaHUaH</u>**, wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis die Damaskéner Eliëser is?

So word dit dikwels in die N.T. as die Griekse woord "Kurios" ook gebruik as titel vir JaHUsha ... nl. die "Meester" JaHUsha Messias.

> *[Hier kan ons nie nalaat om ook te verduidelik dat die woord "Meester" (Adonai/Kurios) naderhand deur Judaïsme gebruik is **in die plek van** die Tetragrammaton (m.a.w. in plaas van "JHUH") weens hulle vrees om Ex. 20:7 te oortree, maar dit het ons van die ware Naam beroof. Vroeë Judaïstiese geestelike leiers het so dan die Hebreeuse woord "Adonai" in plaas van die Naam "**JaHUaH**" begin gebruik as hulle die Skrif gelees het. Eers was dit nie so in die tyd van die profete voordat hulle na Babilon weggevoer is nie, maar uiteindelik het Jode weens Judaïstiese **oorlewering** baie huiwerig geword om die Naam te gebruik. Teen die tyd van JaHUsha (Joh. 17:6) is dit net een maal per jaar gebruik en slegs deur die hoë priester op die Groot Versoendag, maar net in 'n fluistering sodat dit feitlik uitgedoof is deur die priesters se uitinge. As gevolg van Judaïsme se praktyk in hierdie opsig, het ons vandag 'n stryd om uit te vind wat die uitspraak is van Elohiem se Naam, maar dit is die **vier letters** in die Hebreeus, die Yod, Hey, UaU/WaW, Hey (wat in Grieks bekend is as die **Tetragrammaton**). Sien: <u>DIT IS MY NAAM VIR EWIG</u>.]*

Om dus ons studie nou voort te sit oor die woord "Meester" ...

"Adonai" is nie 'n Naam as sulks nie, maar dis wel 'n titel. So ook sy Griekse ekwivalent "Kurios". Tog is "Kurios" dan ook weens Judaïsme se aandrang, gebruik om **JHUH** ook in die Nuwe Testament mee te vertaal.

Dit is wel baie verwarrend, want dis nou moeilik om te kan onderskei waar sou "JaHUaH" moes staan en waar "Kurios" as 'n titel gebruik is, sodat mens dan genoop word om na die oorspronklike taal te gaan kyk.

Maar selfs as 'n titel kan "Kurios" of ook "Kyrios" 'n baie gewigtige woord wees, veral as dit saam met die Naam JaHUaH of JaHUsha in die Skrif voorkom. Dit kan eenvoudig "**Meneer**" beteken (Matt. 27:63), maar ook die "**Eienaar**" van iemand (Matt. 10:24), of dit kan die **Eggenoot** van 'n vrou aandui, of die **Hoof** van die huis (1 Pet. 3:6) en dan was dit ook die woord wat gebruik was om aan te dui dat iemand **algehele mag en outoriteit het**. In daardie sin is dit vir afgode gebruik, soos vir Hermes, Zeus ens. in die tyd van JaHUsha. Vir hulle wat hierdie afgode aanbid het was dit hulle "god", hulle "meester", wat soewereiniteit in hulle oë gehad het.

Volgens Josefus wou die Jode die Romeinse Heersers nie as "Kurios" (of dan as "Meester") aanspreek nie, omdat dit 'n titel was wat gereserveerd was vir JaHUaH Elohiem.

Maar in die N.T. word daar herhaaldelik verwys na JaHUsha Messias as: "Meester" JaHUsha Messias *(vertaal as: "Here" Jesus Christus)*. Dit het behels dat JaHUsha so ook "**as Elohiem**" geëien is. Hy is die JaHUaH Elohiem wat hulle leer ken het in die geskrifte van die O.T. "wat red". Hy is die Meester JaHUsha. Hy is Koning van die konings en Meester van die meesters (Open. 17:14, Open. 19:16, Dan. 2:47).

Vir 'n doopkandidaat om te moes kon bely dat JaHUsha die "Meester" is, was dit dus 'n "**gelaaide**" belydenis en iets wat ons vandag miskien glad nie so goed verstaan nie. So is daar "*in die Naam van die **Meester** JaHUsha*" gedoop *(vergelyk weer Hand. 19:5 en 10:48 op bl. 1).*

Dit het beteken dat dit die aanbidding van die Keiser (wat as "god" beskou is) **geopponeer het** *(Joh. 19:12b)*, omdat die Keiser as Meester aanbid is.

In hierdie lig was "Kurios" of "Meester" glad nie net sommer enige ordinêre titel nie, maar het dit beteken dat die "**knieg gebuig**" moet word vir JaHUsha. Hy is Elohiem en **die Een wat aanbid moes word** (vergelyk weer Jes. 45:22 – 23 en Fil. 2:9 – 11 hierbo). *Sien: THE HEAD ON COLLISION OF TWO KINGDOMS.*

J.M. Boice skryf ...

> ***"Citizens of the empire were required to burn a pinch of incense to the reigning Caesar and utter the words Kyrios Kaisar ("Caesar is Lord!").***
>
> ***It is this that the early Christians refused to do and for which they were themselves thrown to the wild lions or crucified.***
>
> ***It was not that Christians were forbidden to worship God. They were free to worship any god they chose so long as they also acknowledged Caesar. Romans were tolerant. But when Christians denied to Caesar the allegiance that they believed belonged to the true God only, they were executed." (Daniel: An Expositional Commentary)***

Die woord "Kurios" of "Meester" wat as "*Here/Lord*" vertaal is i.v.m. JaHUsha, is dus gewigtig. Dit het beteken dat JaHUsha soewerein is en algehele outoriteit en onbetwiste mag besit (vergelyk weer Matt. 28:18). Hy is dan Elohiem en die "Alleen-eienaar" van die persoon wat Hom bely en in Sy Naam gedoop word.

'n Aanhaling uit "Sermon Index" van Greek Word Studies i.v.m. JaHUsha as Meester ...

> *"When a man could say, "Jesus is Lord," it meant that he gave to Jesus the supreme loyalty of his life and the supreme worship of his heart.*
>
> *It is to be noted that Paul believed that **a man** could say, "Jesus is Lord," only when the Spirit enabled him to say it (1 Cor. 12:3). The Lordship of Jesus was not so much something which he discovered for himself as something which God, in His grace, revealed to him."*

In die evangelie van Lukas verwys hy bv. 92 keer na JaHUsha as "Meester/Kurios" teenoor die 2 keer wat hy na Hom as Verlosser verwys en waar die twee titels saam voorkom, kom "Meester" telkens vòòr "Verlosser". In Openbaring as die laaste boek, word die woord "Meester" 22 keer gebruik, beide van Vader en Seun as Elohiem onderskeidelik.

**JAHUAH ELOHIEM AS VADER**

Ons het nou uit al die voorafgaande geleer dat JaHUaH vereenselwig word met JaHUsha as die Seun wat gegenereer was om as die Arm/Hand van JaHUaH te kon opereer omdat Hy verlossing bewerk het. Maar JaHUaH is ook "Vader". Die woord "Vader" word i.v.m. JaHUaH gebruik in Sy verhouding tot die Volk Israel omdat Hy hulle tot stand gebring het.

> Deut. 32:6 Durf julle dit JaHUaH vergelde, o dwase en onwyse volk? Is Hy nie **jou Vader** wat jou **geskape het nie**; het Hy jou nie gemaak en jou toeberei nie?
>
> Deut. 32:18 Die Steenrots **wat jou verwek het**, het jy veronagsaam; en jy het die Elohiem vergeet wat jou **voortgebring** het.
> Deut. 32:19 Toe JaHUaH dit sien, het Hy hulle verwerp, uit ergernis **oor Sy seuns en dogters**.
>
> Jer. 3:19 Ék het wel gedink: o Hoe gaan Ek jou met seuns gelykstel en aan jou gee 'n kosbare land, 'n allersierlikste erfenis van die nasies! Ook het Ek gedink: Jy sal My noem: **My Vader**! en jy sal van My nie afvallig word nie.
>
> Jer. 31:9 Hulle sal kom met geween, en met smekinge sal Ek hulle lei; Ek sal hulle bring by waterstrome, op 'n gelyk pad waarop hulle nie sal struikel nie; **want Ek is vir Israel 'n Vader**, en Efraim is my eersgeborene.
>
> Mal. 2:10 Het ons nie almal **een Vader** nie? Het **een Elohiem** ons nie geskape nie? Waarom handel ons dan troueloos met mekaar, deur die verbond van ons vaders te ontheilig?

JaHUaH in die rol as beskermende Vader oor Israel, is ook aangedui as Verlosser en dis **gesamentlik so aangedui** in die O.T.

> Jes. 63:16 Want **U is ons Vader**! Want Abraham weet van ons nie, en Israel ken ons nie. U, o **JaHUaH**, **is ons Vader**; **ONS VERLOSSER** *(Redeemer, H1350)* is van ouds af u Naam.

Natuurlik is JaHUaH ook elke gelowige se persoonlike Vader.

> Ps. 103:13 **Soos 'n vader** hom ontferm oor die kinders, so ontferm JaHUaH Hom oor die wat Hom vrees.
>
> Spr. 3:12 want **JaHUaH** tugtig hom wat Hy liefhet, ja, **soos 'n vader** die seun in wie hy behae het.

Dawid het van JaHUaH gesê: "U is my Vader" (Ps. 89:27). JaHUaH het ook self gesê dat Hy 'n Vader was vir Salomo (2 Sam. 7:14).

In die N.T. is "Pater" die Griekse woord wat vertaal word as "Vader" en dit dra dieselfde konnotasie as in die O.T. waar "Ab/Av" gebruik word, naamlik diè van Versorger, Voorsiener, Beskermer. Die konsep van Elohiem as Vader in die N.T. is daarom belangrik want dit behels ook JaHUsha as Verlosser.

Israel as die "Seun" was wederstrewig, maar JaHUsha **as die Seun** was gehoorsaam en volmaak. Hoewel mens in die Woord Vader en Seun kan onderskei, is hulle **een in Wese**. Dis 'n "enige" of "echad" JaHUaH soos ons reeds gesien het in Deut. 6:4 (bl. 3 – 4).

> Ps. 2:7 Ek wil vertel van die besluit: JaHUaH het aan My gesê: **U is my Seun**, vandag het **Ek self U gegenereer**.

Dit word bevestig in Ps. 110 en let ook op na die gebruik van "Adonai" *(Meester)* wat in die 1953 Bybel vertaal is as "**Here**" met klein letters, **saam met** "JHUH" wat vertaal is as "**Die HERE**" met hoofletters.

> Ps. 110:1 Van Dawid. 'n Psalm. JaHUaH *(die HERE)* het tot **my Meester** *(Here)* gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.
> Ps. 110:2 U magtige septer sal **JaHUaH** uitstrek uit Sion en sê: Heers te midde van u vyande.
> Ps. 110:3 U volk sal baie gewillig wees op die dag van u krygsmag; in afgesonderde feesgewade, uit die moederskoot van die dageraad sal vir U wees die dou van u jong manskappe.
> Ps. 110:4 **JaHUaH het gesweer**, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.
> Ps. 110:5 Die **Meester aan U regterhand** verbrysel konings op die dag van sy toorn.

Israel was JaHUaH "se seun" wie Hy uit Egipte geroep het (Hos. 11:1), maar so was JaHUsha dit ook. *Sien: UIT EGIPTE HET EK MY SEUN GEROEP.*

Hier is 'n aanhaling uit "Ab and Pater" van "Embraced by Truth" i.v.m. JaHUsha, wat vir ons die "ampte" toon van Vader en Seun in die konteks van "Meester JaHUsha as Verlosser", omdat Vader en Seun onderskeibaar is maar hulle is nie skeibaar nie ... want elkeen wat die Seun verloën, verloën ook die Vader (2 Joh. 1:23).

> *"You are My Son, today I have begotten You" (Ps. 2:7).*
>
> *In Hebrew this verse from the Old Testament is used to speak of the exalted position of Jesus, a position "so much better than the angels" (Heb. 1:4-5).*
>
> *God said in Hosea 11:1: "When Israel was a child, I loved him, and out of Egypt **I called My Son**."*
>
> *According to **Matthew 2:15** this statement in Hosea was ultimately a reference to the flight into Egypt by the parents of Jesus and their **return from Egypt** after the death of Herod. The relationship of the Son to the Father in the Old Testament is more **fully developed** in the New Testament.*
>
> *The word "Pater" is used of God in relationship to Jesus, the **earthly manifestation** of the Son.*
>
> *The Father-Son relationship is most prominent in John, though the relationship is seen in other passages (Matt. 7:21; 10:32; 11:27; 18:10; 25:34; 26:29, 39, 42, 52; Luke 2:49; 23:34).*

*In John the Son reveals the glory of the Father (John 1:14, 18; 6:46); the Father loves the Son (John 3:35; 5:20; 10:17; 15:9); the Son did the will of the Father (John 5:30, 36; 8:28); the Father has entrusted all judgment to the Son (John 6:22); the Father sent the Son (John 10:15, 38);* ***the Father and the Son are one****—not one in person but one* ***in essence and perfection*** *(John 10:30, 38; 14:9); the Father can only be approached through the Son (John 14:6); and the Son returned to the Father (John 20:17).*

*.... The Father represented the interests and dignity of the Godhead and purposed the salvation of man; it was the Son who undertook the actual saving work and accomplished the redemption in time on earth—incarnation was the experience of the Son.*

*The Father-Son relationship focuses upon the* ***salvation of man by God****.*

JaHUsha het dus gekom in die Naam van Sy Vader. Hulle is een.

Joh. 5:43 Ek het gekom **in die Naam van my Vader**, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem.

Joh. 10:25 JaHUsha antwoord hulle: Ek het dit vir julle gesê, en julle glo nie. Die werke wat Ek doen **in die Naam van my Vader**, dié getuig van My.

Joh. 14:13 En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat **die Vader in die Seun verheerlik kan word**.
Joh. 14:14 As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.

Joh. 17:11 En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Afgesonderde Vader, bewaar **in u Naam** die wat U My gegee het, sodat hulle **èèn kan wees net soos Ons**.
Joh. 17:12 Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek **hulle in u Naam bewaar**. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word.

Gepaard met Vader en Seun gaan dan ook die Afgesonderde Gees. JaHUsha het dus in die Naam van Sy Vader gekom, en die Afgesonderde Gees is gestuur in JaHUsha se Naam. So kan ons sien dat die Naam "JaHUsha" die Vader, Seun en Gees **omhels**, want Hy was gestuur in die Vader se Naam en die Afgesonderde Gees is gestuur in JaHUsha se Naam.

Hoewel Elohiem die Skepper is van alle mense, is dit slegs die Gelowige in JaHUsha wat Hom as Vader sal kan ken. Die Seun **openbaar die Vader** aan ons. As ons deur JaHUsha na die Vader kom, word Hy ook ons Vader. Die Seun openbaar die Vader aan die mens en sonder die Seun kan niemand die Vader ken of na Hom toe kom nie.

Matt. 11:27 Alles is aan My oorgegee <u>deur my Vader</u>, en niemand ken die Seun nie, <u>behalwe die Vader</u>; ook **ken niemand die Vader nie**, behalwe die Seun en **elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar**.

Joh. 14:6 JaHUsha antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom <u>na die Vader</u> behalwe **deur My nie**.

Joh. 5:23 sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. **Wie die Seun nie eer nie**, eer **nie die Vader** wat **Hom gestuur het nie**.

Maar wanneer die Seun ge-eër en aanvaar word, dan kry die Gelowige "kindskap", en dis waar die Gees ter sprake kom. Dit gebeur deur die Afgesonderde Gees, afkomstig van die Vader, deur JaHUsha.

Joh. 14:13 En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, **sodat die Vader** in die Seun **verheerlik kan word**.
Joh. 14:14 As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.

Rom. 8:14 Want almal wat deur die Gees van Elohiem gelei word, dié is kinders van Elohiem.
Rom. 8:15 Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van **aanneming tot kinders**, deur wie ons roep: **Abba, Vader**!
Rom. 8:16 **Die Gees self getuig** saam met ons gees dat ons **kinders van Elohiem is**;

Gal. 4:4 Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het Elohiem **sy Seun** uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,
Gal. 4:5 om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die **aanneming tot kinders** kan ontvang.
Gal. 4:6 En **omdat julle kinders** is, het Elohiem **die Gees van sy Seun** in julle harte uitgestuur, en Hy roep: **Abba, Vader**!
Gal. 4:7 Daarom is jy nie meer dienskneg nie, **maar kind**; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van Elohiem deur Messias.

Joh. 6:63 Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.

1 Kor. 15:45 So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees.

Elohiem *(meervoud)* is **Gees** (Joh. 4:24). Hoe kan mens dus nou Vader, Seun en Gees wil skei al **onderskei** mens die Drie? Dit kan nie gebeur nie. Die opdrag was ...

"... doop hulle in die **Naam** *(enkelvoud)* van die Vader, Seun en die Afgesonderde Gees".

Ons het nou in hierdie studie dan nou nagevors wat is die **Naam** van: die Vader, Seun en Gees.

E.W.Bullinger het diè kommentaar oor Matt. 28:19 in "The Companion Bible" geskryf:

"The name, singular, not 'names'. This is the final definition of 'the Name' of the One true God."

Ons moet onthou dat Satan nie kan skep nie. Hy kan net dit wat deur JaHUaH bestaan kopieër en verontreinig. Dat daar 'n Vals drie-eenheid is, beteken dat Satan dit **korrup gekopieër** het van die ware Elohiem wat as Drie onderskei word, maar nie geskei kan word nie.

**IN DIE NAAM VAN**

Wat is dan dus die betekenis van "Naam" in: "in die **Naam** van"?

Die Griekse woord daar in Matt. 28:19 kan verskillende nuanses hê, afhangende van die konteks. Dit kan beteken ...

- 'n naam as sulks,
- of 'n familienaam,
- of 'n titel
- of 'n soortnaam,
- dit kan ook wees volgens die karakter waarvoor iemand bekend is,
- dan kan dit ook dui op die **outoriteit** wat ingebou is in 'n naam en die **mag** wat met 'n sekere naam gepaard gaan.

In ons geval pas die eerste en die laaste twee opsies die beste vir Matt. 28:19 spesifiek, naamlik die Naam waaraan die **mag en outoriteit** van JaHU-sha as Elohiem gekoppel is, wat na vore gebring word in die Naam JaHU-sha (vgl. weer vers 18).

Vader, Seun en Gees funksioneer dus soos drie "ampte" van Elohiem, wat die mag en outoritiet van **ons Meester** onder die Naam van "**JaHU-sha**", as die Gesalfde/Messias beklemtoon.

Petrus is gevra ...

> Hand. 4:7 ... vra hulle: Deur **watter mag** en deur **watter naam** het julle dit gedoen?

Petrus het geantwoord ...

> Hand. 4:10 laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat **deur die Naam van JaHUsha Messias**, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat Elohiem uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan.

Daarna het die Sanhedrin hulle verbied om <u>in die Naam van JaHUsha</u> te praat of te leer.

> Hand. 4:18 En hulle het hul geroep en hulle bevel gegee **om in die geheel nie in die Naam van JaHUsha te spreek of te leer nie**.

Daar is dus eerstens die letterlike gebruik van 'n **spesifieke Naam**, naamlik JaHU-sha, en tweedens is daar die nuanse van die Naam <u>soos wat dit mag en outoriteit behels</u>. Saam is dit die konteks van Matt. 28:19 se *"in die **Naam** van ... die Vader, Seun en Afgesonderde Gees".*

Ons kan praat van die Ambassadeur van bv. Frankryk, of ons kan die man se naam gee waarmee hy bekend is. 'n Ambassadeur verteenwoordig sy land. JaHUsha het na die aarde gekom as Verteenwoordiger van Elohiem.

Die Naam JaHU-sha, verteenwoordig dus die Vader, die Seun en die Afgesonderde Gees ... as Elohiem ... JaHUaH Elohiem. Dit omhels Vader, Seun en Gees omdat Hy gestuur was in die Vader se Naam en die Afgesonderde Gees is toe gestuur in JaHUsha se Naam. Een Naam ... maar drie Ampte of Nuanses.

> Ef. 4:9 Maar dít: Hy het opgevaar—wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde?
> Ef. 4:10 Hy wat neergedaal het, is **dieselfde** as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat **Hy alles <u>tot volheid</u> kan bring**.

"In die Naam van die Vader, Seun en Gees", is dus verteenwoordigend van JaHUaH "wat red" *(JaHU-sha)* deur Sy geopenbaarde en uitgestrekte Arm/Hand waarvan Moses se hand met die staf in, 'n tipe was *(Moses was 'n tipe van JaHUsha: Deut. 18:15 – 18, Hand. 3:22, 7:37).*

Vader, Seun en Gees is hier soos drie Getuies wat eenders getuig (Deut. 17:6). Toe JaHUsha gedoop is, was daar die **Stem van die Vader**, wat JaHUsha as **Sy Seun** verklaar het, en die **Gees van Elohiem** het soos 'n duif op Hom neergedaal.

> Matt. 3:16 En nadat JaHUsha gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die **Gees van Elohiem** soos 'n duif neerdaal en op Hom kom.
> Matt. 3:17 En daar kom 'n **Stem uit die hemele** wat sê: Dit is my geliefde **Seun** in wie Ek 'n welbehae het.

Dus ... solank die doopkandidaat kon getuig het van geloof in die <u>Meester</u> **JaHU-sha Messias as die Seun van Elohiem**, kon hy dan gedoop geword het soos met die hofdienaar. *Sien ook: <u>DIE DOOP VAN DIE GELOWIGE</u>.*

> Hand. 8:37 Toe sê Filippus: <u>AS</u> u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: **Ek glo dat JaHUsha die Gesalfde die Seun van Elohiem is.**
> Hand. 8:38 En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en **hy het hom gedoop.**

**GEVOLGTREKKING**

Ons het d.m.v. hierdie studie geleer dat Matt. 28:19 nie ander verse in die Nuwe Testament weerspreek nie, maar dit het ons wel aangespoor tot dieper insig in verband met die Identiteit van ons Meester JaHUsha, die Gesalfde van Elohiem.

> Die genade van die **Meester JaHUsha Messias** en die liefde van **Elohiem** en die gemeenskap van die **Afgesonderde Gees** sy met julle almal! Amein. - *(2 Kor. 13:13)*

Sien ook:

- <u>DIE AANGESIG VAN JAHUAH</u>
- <u>JAHUAH/JAHUSHA IS ELOHIEM</u>
- <u>JAHUAH/JAHUSHA EN DIE GEES</u>
- <u>THE QUESTION: IS YESHUA GOD?</u>

0-0-0-0-0-0

AndriYaH
Mei 2021